



## Gereformeerde kerk Pretoria(d)

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF

[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

22 Junie 2014

**EERSTE EREDIENS**—(9h00 )

**Skriflesing:** Hosea 1:12-2:22

**Teks:** Hosea 2:13-14

**Sing:** Ps. 33:1; Ps. 119:60; Ps. 133:1,2;  
Ps. 118:1

### **KRINGE OM DIE VROU GETREK**

Ons kan nie anders as om die geweldig dramatiese in Hosea raak te sien nie. Soos die boek in 'n drama geskryf staan, so was Hosea se eie lewe die van werklik die dramatiese, maar hierdie drama is geen opvoering nie, dit is alles 'n werklikheid.

Hosea moes aanwys waarheen die dinge op pad is. Dit is dan ons hooflyne- Die groter stryd wat Hosea moes stry- tweedens die groter saak wat hy na wys en laastens- waarheen die dinge op pad is.

**KATKISASIE**— Katkisasie gaan voort  
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet  
beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

**TWEDE EREDIENS** (ná katkisasie)

**Skriflesing:** Efesiërs 1:3-14;

Romeine 9:21-26

**Nederlandse Geloofsbelydenis :**

Artikel 16

**Teks:** Efesiërs 1:4; Romeine 9:21

**Sing:** Ps. 2:1,3; Ps. 18:3; Sb. 33:1,3  
(2-4:1,3)

### **DIE HART VAN DIE UITVERKIESING**

Daar is 'n groot verborgenheid in die verstaan en uitwerking van die uitverkiesing wat ons alleen met heilige eerbied en groot ontsag moet hanteer. Moet nie dinge probeer verstaan, probeer regverdig en probeer verduidelik wat ons nie al die antwoorde daarvoor het nie.

Ons belydenisskrifte het in alle geval die leer oor die uitverkiesing baie versigtig en met groot eerbied na vore gebring, wat ons ook moet doen.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

#### **Predikant:**

Ds. Petrus Venter

012- 3356130

0847042348 (P) 0845119620(C)

[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)

9 de Laan 880

Wonderboom-Suid

[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

#### **Diensbeurt vandag Wyke 22 en 23 (sluit in susters skinkbeurt)**

Ouderlinge: Koos Venter

Diakens: Michiel Venter, Marinus Lorist

#### **Diensbeurt (29/06) (Wyke 24 en 25)**

Ouderlinge: Johan de Jonge, Willie J/van Rensburg

Diakens: Johan du Plooy

## DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

**Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Hy is weer terug by die huis. Hy is nog baie swak en kry baie swaar.

**Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. Die operasie wat 22 Mei sou plaasvind is onbepaald uitgestel. Die vertroue is dat dat wel dan later gedoen sal kan word. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

## SUSTERS

Ons vestig u aandag op die volgende Susteraksie DV op Saterdag 5 Julie. Dit vind plaas by die lieflike Margaret Roberts Herbal teetuin waar daar ook ook 'n kwekery is en 'n winkel met die Margaret Roberts produkte. Almal kan daar lekker kuier, rondloop, die pragtige tuine besigtig en oor 'n koppie tee klets! Bring ook n geldjie saam vir jou tee en dalk bietjie meer as jy ietsie ekstra sal wil koop. Die ingang per motor kos R20-00. Die vertrektyd vanaf die kerk is 10h00.

## BESKUITPROJEK

Steeds rondom ons susters. Die blaadjie met al die reëlings vir vanjaar se beskuitprojek was op 8 Jun uitgegee. Dit sal 'n voorreg wees om weer aan almal, 70 jaar en ouer in ons gemeente so 'n beskuitpakke te gee. Elke jaar is hierin groot werk maar ook besondere liefde in die voorbereiding ter sprake...! As u hiermee wil help of die blaadjie met die reëlings wil bekom kan u sr Christine (0845119620) kontak

## KOLLEKTE

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Spes. kollekte Westdene
<b>2de diens</b>	DVB	Instandhouding
<b>29/06/2014 1ste diens</b>	Paul Kruger kindershuis	Instandhouding
<b>2de diens</b>	DVB	Instandhouding

## DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
<b>21/06</b>	Oop gesprek – Ds. Ronald Bain-
<b>27/06</b>	Skole sluit
<b>21/07</b>	Skole heropen
<b>22/07</b>	Finans/Advies vergd
<b>24/07</b>	Kerkraadsvergd

## SPESIALE KOLLEKTE

Die kerkraad het goedgekeur dat op versoek van die Gerf kerk Westdene in die Oos-Kaap daar vandag vir hierdie gemeente 'n spes. kollekte opgeneem sal word. Soos deur hulleself en afgevaardigdes van klassis Burgersdorp uiteengesit kan die gemeente nie finansiële oorleef sou daar nie van ander ook hulp kom nie. As dit moontlik is vra ons dat u dan u kollekte by die deure na vermoë sal aanpas.

## GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

## **DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

### **MATTHEÛS 18**

*Al is 'n verbondskindtjie nog te klein om "behoorlik" te bid, het hy steeds Jesus Christus as Voorspraak in die hemel. Die ouer moet die klein kindjie leer bid. Totius haal iemand aan oor die kinders se gebed: "Dié egte gestotter in die gebed is soos hemelmusiek in die ore van Hom wat die niere beproef." 'n Kind is nie besig met begrippe en afgetrokkenheid in sy gebed nie. Hy is besig met 'n saak. God is vir hom 'n werklikheid. Hy is tevrede as hy aan God sy vreugde of leed oordra. Hy het gebid. So sal 'n kind van die eerste gebedjie wat hy geleer het, ontwikkel om self woorde by te formuleer.*

*So alleen kan daar by ons ook ware gebed en meer berusting wees.*

**18:4, homself verneder** – Nou kom tog 'n teenstelling tussen 'n kind, wat uit homself nederig is, en 'n grootmens: vir 'n volwassene is nederigheid iets waaraan hy moet werk.

**die grootste in die Koninkryk** – Teenoor die Dissipels se gedurige druk om belangrike plekke in 'n aardse koninkryk wat hulle vermag, korreger Christus hulle weer. In die hemelse Ryk gaan dit nie om aardse grootheid nie. Soek liewer nederigheid.

**18:5, ontvang** – Nie net stoflike sake, soos gasvryheid, word bedoel nie. Jesus praat van omsien na mekaar in geestelike sake, soos na mekaar se heilige lewens, aanmoediging en versterking in die geloof. Teenoor die Fariseërs se selfsoek na belangrikheid, leer Jesus dat ons juis ons moet bekommer oor die nederige en verdrukte.

**In My Naam** – Ons deelgenootskap aan Christus moet die dryfveer wees vir ons geloofsdaed.

**18:6-7, wat in My glo, laat struikel** - 'n Gewelddige belangrike woord teen engeen wat mense in hulle geloof laat struikel. Teenoor die saligsprekinge waarmee die boek Mattheüs begin, bring Mattheüs hierdie veroordelende uitspraak. Dit sal beslis geld teen alle sektes, leringe en strominge wat die ware leer vervals. Paulus het ernstig vermaan oor die ontferming teenoor die swakkes in die geloof en die nederiges.

**18:8-9, kap dit af . . . ruk dit uit** – Dringende woorde, wat ons moet leer hoe ver alles vermy moet word wat verhoed dat mens die koninkryk ingaan. Vermy die kwaad. Bly weg van die plekke van versoeking. Vermy die mens wat jou geestelike

lewe kan skaad. Eensaamheid is beter as om in die geselskap van die bose te wees (Ps1).

**Voet . . . hand . . . oog** – Jesus neem hierdie liggaamsdele as voorbeeld, omdat juis dit hebsug en eersug kan dien. [BVA]

**Ewige vuur** – In Ou en Nuwe Testament word die ewigheid van die straf geleer. Die laaste vers van Jesaja praat daarom van die wurm wat nie sterf nie en die vuur wat nie geblus word nie.

**Die helse vuur** – Weereens praat Christus van 'n werklik bestaande plek. Die toorn van God oor die ongeregtigheid is 'n **werklikheid**.

**18:10-14**. In Skrifberyming 15 vind ons verklaring van hierdie verse deur Totius. Hy bring Mat 19:4 en Mark 10:16 ook by.

**nie een van hierdie kleintjies verag nie** – Waar eers gewaarsku is dat die gelowiges nie tot struikeling gebring mag word nie, kom nou 'n verandering: Julle mag hulle ook nie verag nie. Daar moet omgesien word na mekaar.

*"en geen hindernis hul weer" (Skb 15:1). Wie nie so nederig soos 'n kindjie die Godsryk wil ontvang nie, sal nie daar ingaan nie (Skb 15:2). In 19:4 sien ons dat Jesus die kindertjies dan seën.*

**Hulle engele . . . altyd die aangesig sien** – "die Koninkryk der heemele is hul erfdeel." (Skb 15:1).

Hier word nie net gepraat van deelgenootskap van die Koninkryk eendag nie, maar Jesus openbaar dat daar werklik engele is wat nou waak oor die gelowiges – "beskermengele". Die engele is dienende geeste, wat ook God se liefde aan die gelowiges bedien.

**Om te red** – Hoe kan iemand dan dié verag vir wie die Middelaar Sy lewe gegee het? Kosbaar is die kinders van God!

**18:12-14**. Die herder se sorg beteken nie dat die ander skape onversorg gelaat word nie, maar die klem is daarop dat die afgedwaalde gesoek moet word. Die evangelisasie-opdrag aan die Kerk word bedoel.

**Nie die wil van julle Vader . . . dat een . . . verlore gaan nie** – "So's die wil . . . onveranderd bly dit staan, dat geenene van die geringes ooit meer sal verlore gaan." "En die Menseseun op aarde, soos die Vader Hom gelas, het gekom en Hy maak salig hulle wat verlore was" (Skb 15:7-8).

**18:15-20. Die Christelike vermaning of tug (bediening van die versoening).** [Kerkorde artikels 71 en verder het onder andere in hierdie verse hulle grondslag.]

*Word vervolg*

## **HIERDIE MAAND/EN IN DIE GESKIEDENIS-**

10 Jun. 1927– A.G. Visser onverwags op 51 jarige ouderdom oorlede; 11 Jun. 1906– NP van Wyk Louw gebore; 12 Jun. 1932– Mimi Coertse gebore; 15 Jun. 1882– Verlof gegee om Hollands as taal in Kaapkolonie te leer; 12 Jun. 2003– Skryfster AM Louw oorlede; 15 Jun. 1915– Genl. CR de Wet aan hoogverraad skuldig bevind; 18 Jun. 1970– NP van Wyk Louw oorlede; 20 Jun. 1879– Ds. SJ du Toit stig die Afrikaanerbond; 21 Jun. 1974– Prof. BB Keet oorlede; 22 Jun. 1924– Al Debbo gebore; 24 Jun. 1712– Simon van der Stel oorlede; 24 Jun. 1881– Maria du Toit (Postma)-egg van Totius gebore; 27 Jun. 1987– Afrikaanse Protestantse kerk (APK) word gestig; 30 Jun. 1851– Eerste Kaapse parlement geopen; 30 Jun. 1921– Suid-Afrikaanse Reserwebank word geopen; 30 Jun. 1936– Jan Spies gebore

**GELOWIGE NADENKE OOR DIE HEMEL (5) Dr. W.H. Velema****Saai teenoor verbrand**

Een laaste teks vra ons aandag. 1 Tessalonisense 4:13-18: “Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons watin die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde”. Paulus praat hier oor die wederkoms van Jesus. Dan sal die “wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here” nog lewe, maar daar sal natuurlik ook baie wees wat reeds gesterf het. Let op die oorblywendes, dié wat dan nog lewe. Hulle sal die ontslapenes nie voorgaan nie. Intendeel, die ontslapenes sal éérs opgewek word en daarna sal die oorblywendes (die wat nog lewe) weggevoer word, die Here tegemoet. Ook hier tref ons die sekerheid van die lewe na die dood aan. Dit geld die ontslapenes én die wat die dag van Jesus se wederkoms nog sal belewe. Eers vind die opwekking van die dode plaas; daarna volg diegene wat dan nog lewe Jesus na die hemel. Ek neem met vrymoedigheid aan dat laasgenoemde deur Paulus bedoel word met die uitdrukking “in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug”. Die konklusie van Paulus is dieselfde as wat ons insommige van die tekste hierbo aangetref het: so sal ons altyd by die Here wees.

**’n Tweevoudige gevolgtrekking**

Ek maak uit die tekstmateriaal ’n dubbele gevolgtrekking: Allereers gee God ons by ons sterwe die gemeenskap met Christus. Daar is nie ’n onbewuste tussenfase soos ’n soort doodsslaap nie. Vervolgens kry ons ’n nuwe liggaam. Die opstanding van die dode vind by die wederkoms van Jesus plaas. Die geskiedenis van die saligwording word dus nie by die sterwe voltooi nie. Wie in Christus glo, sal salig sterf. Dit beteken dus dat ons in ons sterwe salig is. Daar verloop egter nog ’n periode waarin die gesaligdes moet wag op die nuwe liggaam. Die nuwe liggaam, as vrug van die opwekking van die dode, word eers geskenk, en daarom ook ontvang, wanneer Jesus weer kom. Dán word die geskiedenis van die aarde en die wat daarop gewoon het, voltooi en dan eers breek die geskiedenis van die nuwe hemel en die nuwe aarde aan. *Word vervolg*

25/06– Carel Kruger 0824792969	26/06– Ciska Odendaal 0722249001
25/06– Giovani Steenekamp 0727481060	27/06– Nico Venter 0844053309
26/06– Elize Joubert 0722334045	28/06– Hannetjie Wolmarans 0127701787
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

**Baie geluk met  
u verjaarsdag**